


3

Kleuterkerk Doen-boek

VIR 2-5-JARIGES



Bm
Bybel-Media



jeugfokus

My naam is

Jesus is lief vir my.

Inhoudsopgawe

1.	Ek volg vir Jesus	10
2.	Visvang vir Jesus	12
3.	Glimlag-kindere	14
4.	Sout en lig	16
5.	Wat kom uit jou mond?	18
6.	Wees lief vir almal	20
7.	Bo-op die berg	22
8.	Die versoeking	24
9.	God het ons lief	26
10.	Jesus weet alles	28
11.	Kom eet saam met my	30
12.	Moenie bang wees nie	32
13.	Deel van Jesus se familieboom	34
14.	Jesus kom weer op die wolke	36
15.	Onthou om te bid	38
16.	In my eie taal	40
17.	Ek is vir die Here belangrik	42
18.	Bid sonder ophou	44
19.	Wie is die beste?	46
20.	<i>Survivor</i> : Is jy in die wenspan?	48
21.	Is jy fluks of lui?	50
22.	Het jy al die sleutel gekry?	52
23.	Die grootste skat	54
24.	Na watter stem luister jy?	56
25.	Mond + hart = lewe	58



Ek volg vir Jesus

Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee dissipels wat gehoor het wat Johannes gesê het en wat toe saam met Jesus gegaan het. Andreas het eers sy broer Simon gaan soek en hy het vir Simon gesê: "Ons het die Messias gekry!" Messias beteken "Christus."

– Johannes 1:40-41




Ek en jy kan ook Jesus se dissipels wees. Al is Jesus nie meer hier op aarde nie en al kan ons nie met ons voete agter Hom aanloop nie, kan ons steeds sy dissipels wees. Ons is Jesus se dissipels wanneer ons doen wat Hy in die Bybel van ons vra. Ons kan ons lywe gebruik om vir Jesus te wys hoe lief ons vir Hom is. Ons oë kan alles sien wat Hy gemaak het; ons monde kan sing en van Jesus vertel; ons hande kan help waar ons sien iemand het hulp nodig; ons kan ons knieë buig wanneer ons bid; ons voete kan loop waarheen Jesus ons lei.

Dankie, Jesus, dat U in die Bybel vir my van die liefde leer.

Help my om te leef soos U van my vra.

Amen.

Kleur die prentjie van die voetspore in.
Dit sal jou herinner dat jy elke dag vir Jesus moet volg.



Ek volg vir Jesus.

-2-

Visvang vir Jesus

Jesus sê toe vir hulle: “Kom hier, kom saam met My, Ek sal julle lewens verander: Julle sal nog vissermanne wees, maar julle sal nie meer visse vang nie, julle sal mense bymekaarmaak vir God.”
Simon en Andreas het dadelik hulle visnette gelos en hulle het saam met Jesus gegaan.

– Matteus 4:19-20

Jesus stuur ons om vissers van mense te wees. Dit beteken nie ons gaan mense met visstokke vang nie. Ons gaan vir mense van Jesus en sy liefde vertel. Dan sal al hoe meer mense vir Jesus lief raak en weer vir nog ander mense van Hom gaan vertel. So sal die mense wat vir Jesus lief is al hoe meer raak. 'n Mens hoef nie 'n grootmens te wees voordat jy 'n visser van mense kan wees nie. Al is jy nog 'n kind, kan jy al vir ander mense van Jesus se liefde vertel.

Dankie, Jesus, dat ek van U kan leer. Maak my 'n visser van mense wat vir ander mense van U gaan vertel.

Amen.

Kleur die vissie met verskillende kleure in. Teken 'n visstok by.
Terwyl jy dit doen, dink aan hoe jy vir ander mense van Jesus kan
vertel sodat hulle ook in Jesus sal glo en vir Hom lief sal wees.

